e-Hervormer

Weeklikse nuusbrief met kommunikasie en kommentaar

1 Augustus 2013
Jaargang 6 – Uitgawe 24

In hierdie uitgawe

- Voorblad
- Predikante en gemeentes
- Ander nuus
- Kommentaar
- Agterblad

Teken in op die *e-Hervormer* en ontvang elke uitgawe gratis per e-pos!

- Stuur 'n e-pos aan **karen@nhk.co.za**

Nuus, berigte en kort kommentaar (uiters 100 woorde) aan **produksie@nhk.co.za**

VOORBLAD

Doppers, Gatjieponders... Stoepsitters, Wederdopers

Byname soos hierdie is deel van die geskiedenis van Afrikaanse Kerke. Maar waarvandaan kom hulle? Met hoeveel venyn is dit gebruik? En hoe gebruiklik is dit nog vandag? NEELS JACKSON het in 1992 gaan ondersoek instel.

Die oudste van dié kerklike byname is die woord *Doppers*. Nog voor die Gereformeerde Kerk of Dopperkerk in 1859 afgeskei het, is dié naam al gebruik. Daar is verskeie teorieë oor die oorsprong daarvan, maar volgens prof Flip van der Watt, voormalige hoogleraar in Kerkgeskiedenis van die NG Kerk, is die aanneemlikste teorie dat dit kom van die Nederlandse woord *dorpers*. Dit is gebruik vir mense van die platteland – dus nie stedelinge nie. Volgens prof Van der Watt het dit op eenvoudige mense gedui, maar nie 'n negatiewe betekenis gehad nie. Prof Adriaan Pont, Hervormde hoogleraar in Kerkgeskiedenis, sê egter die bedoeling was selfs om agterlikheid aan te dui. Die naam is volgens hom soms ook vir Hervormers gebruik.

Die naam *Gatjieponders* vir NG lidmate het sy ontstaan te danke aan die soort manelle wat NG predikante soms gedra het. Predikante van ander kerke het die *ronde manel* of *kaggelpyp* gedra wat voor en agter lank was, sê prof Pont. Dié kan 'n mens nog op Kerkplein in Pretoria in die standbeeld van pres Paul Kruger sien. Van die NG predikante het egter 'n Engelse manel begin dra wat net agter oor die boude lank was. Dit is spottenderwys 'n *gatjapon* genoem. So het die naam *Gatjaponners* of *Gatjieponders* ontstaan met, volgens prof Pont, die effense konnotasie dat ware gelowiges die ronde manel gedra het en dié wat ligter was in die geloof, die gatjapon. Prof Van der Watt meen egter dat dit nooit 'n negatiewe naam was nie. Hy gee ook nie om om 'n Gatjieponder genoem te word nie.

Die benaming *Stoepsitters* vir die Nederduitsch Hervormde Kerk is volgens prof Pont 'n Wes-Transvaalse naam. 'n Mens sal vergeefs op ander plekke daarna soek. Dit dagteken van die jare twintig toe die Hervormde Kerk nie genoeg predikante gehad het nie en van die Wes-Transvaalse gemeentes daarom nie Sondae eredienste gehou het nie. Die lidmate wou egter nie saam met die Doppers of Gatjieponders kerk hou nie en het tuis gebly. Vandaar die naam *Stoepsitters*.

Dr Jan Langerman, hoofsekretaris van die Apostoliese Geloofsending (AGS), sê die naam *Wederdopers* wat steeds as 'n skeldnaam ervaar word, kom uit 'n tyd toe die AGS die meeste van sy lidmate uit ander kerke getrek en die doop van die gelowige bedien het aan mense wat ook as suigelinge gedoop is. Die meeste mense wat vandag deur die AGS gedoop word, kom egter uit eie geledere. In elk geval erken die AGS slegs die doop van gelowiges wat een keer bedien word. Uit hul oogpunt is daar dus geen kwessie van *wederdoping* nie.

Die enigste van die kerklike byname wat wyd in die volksmond inslag gevind het, is *Doppers*. Die HAT noem dit dan ook 'n volksnaam. Daar is nog mense wat sensitief is daarvoor om Doppers genoem te word, maar oor die algemeen is dit nie die geval nie, sê dr Callie Coetzee van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom. Persoonlik gee hy nie om om so genoem te word nie. Hy gebruik die term immers self.

(Verlede week tydens 'n vergadering van die Tussenkerklike Raad is intens debat gevoer oor die toekoms van die TKR. Aansluitend daarby, maar in ligter luim, plaas ons graag, met sy toestemming, hierdie artikel wat Neels Jackson, kerksakeverslaggewer by *Beeld*, in 1992 geskryf het.)

Skakels

Webblad van die Hervormde Kerk **www.nhka.org**
Die Hervormer **www.hervormer.co.za**
e-Hervormer **www.hervormer.co.za/e_Hervormer.html**

Indien u nie weer die *e-Hervormer* wil ontvang nie, kliek op **www.hervormer.co.za/cancel.html**

PREDIKANTE EN GEMEENTES

Stuur asseblief berigte oor lief en leed en gemeentegebeure na **produksie@nhk.co.za**. Die redaksie doen alles in hul vermoë om inligting korrek weer te gee, maar maak vanselfsprekend staat op die integriteit van die besonderhede soos verskaf.

Bydraes vir moontlike plasing in die *e-Hervormer* moet asseblief teen Dinsdaemiddae 16:00 OP DIE LAATSTE na **produksie@nhk.co.za** gestuur word.

- Die **ouers van ds Edzard van Baalen** van Parkrand het Dinsdagoggend 30 Julie in 'n vragmotorongeluk tussen Vryburg en Kuruman omgekom. Oom Burger en tannie Martie was lidmate van Gemeente Brakpan-Harmonie. Ds Hannes Jansen van Rensburg sal die diens vanuit Parkrand lei op Vrydag 2 Augustus. Ons innige meegevoel gaan aan ds Edzard en hul familie.

- **Mev Betsie Brits** van die Hervormde Teologiese Kollege (HTK) **se suster, Sampie,** is Sondagmiddag 28 Julie oorlede. Sampie was 'n kankerlyer, maar met die kanker in remissie het sy geen weerstand gehad teen enige kiem of virus nie. 'n Virus het haar longe en brein aangetas en sy het baie swaar gekry die laaste twee weke. Sy word Donderdag 1 Augustus om 12 uur vanuit Gemeente Wapadrant begrawe. Ons innige simpatie gaan aan Betsie en hul familie.

- **Riek van Rensburg**, wat aan die einde van 2008 na 28 jaar as argivaris van die Kerk afgetree het, herstel nog nadat hy sewe weke lank in die hospitaal was met 'n breinaandoening. Hy verhuis vandeesweek na 'n versorgingsoord naby Hartbeespoortdam. Ons wens hom baie sterkte toe, en rustiger jare vorentoe.

- **Ds Marius en Colette Kramer** van Kampersrus se eerste seun, Elmar, is Maandagaand 29 Julie om halfnege gebore – op Colette se verjaardag! Baie geluk aan die ouerpaar, en aan die trotse oupa en ouma, ds Jan en Maryna Kramer van Elsburg.

Ds Kotie McDonald

- **Ds Kotie McDonald** het die beroep aanvaar na **Gemeente Turffontein** in Johannesburg. Sy word op Sondag 4 Augustus om 10:30 in die gemeente bevestig.

- Gemeentes word daaraan herinner dat die **deurkollekte van Sondag 4 Augustus** vir die **Teologiese Opleidingsfonds** afgesonder word.

- **ADV se Jaar vir Gestremdheid: Respekteer en akkommodeer.** Maak in 'n gemeente seker wie die persone met gestremdhede is en wat hul spesiale behoeftes is. Maak seker dat die behoeftes, byvoorbeeld vir spesiale toegang tot die geboue en kleedkamers, in ag geneem word. Konsulteer met die persone met gestremdheid sodat hierdie behoeftes volgens hul spesifikasies ingerig word.

Spesiale eredienste en feesnaweke

- **Gemeente Vereeniging: Eeufeesviering 24 tot 25 Augustus**
  Saterdag 24ste: Gesellige bring-en-braai op kerkterrein
  Sondag 25ste: Erediens met Albertonse Mannekoor om 09:00
  Program en gesamentlike middagete
  Gelukwensings kan gestuur word na **pbboshoff@telkomsa.net**

- **Gemeente Ottosdal: *Amazing Race***
  75 geseënde jare
  Vrydag 30 Augustus: Kampvuur-kuieraand by Ottosdal-skougronde
  Lapas, braaivleis met pap en sous, poeding…
  Saterdag 31 Augustus: Stap-wedloop, basaar en stalletjies
  Van vroeg tot laat
  Kontak ds Adriaan Benadie by 082 763 2728 of **ottosdal@nhk.co.za**

- **Gemeente Otjiwarongo: 75-jaar-viering**
  Vrydag 6 September: Optrede deur opkomende musiekster Lisa Brönner
  Saterdag 7 September: Feesgeleentheid
  Stalletjies, gesinsvermaak, potjiekoskompetisie en jaarlikse naggholf
  Sondag 8 September: Hoeksteenonthulling en erediens
  gelei deur ds Barrie Oberholzer
  Vir verdere inligting, inskrywings of borge kontak ds Elritia le Roux
  +264 876 3664 of e-pos **propeleroux@gmail.com**

- **Gemeente Sannieshof: Feesnaweek**
  Vrydag 6 en Saterdag 7 September: Mielie Makietie 2013 met Adam Tas
  (Sien Basaars en markte, bladsy 8, vir meer inligting hieroor)
  Sondag 8 September: **Uitreik met Geloof-in-aksie Motorfietsklub**
  Ds CJ van Wyk van Randburg lei die erediens
  Navrae aan ds Paul Kern by 082 494 5347
  of stuur 'n e-pos aan Elsa by **elsaj@lantic.net**

- **Gemeente Wonderboompoort: 60-jaar-viering: *Sixties***
  25, 26 en 27 Oktober
  Op kerkterrein in Eloffsdal, Pretoria
  Stuur groetewense, staaltjies, herinneringe en foto's vir gedenkblad
  Baardgroeikompetisie vir die manne
  Modeparade met toeka se klere vir die dames
  Kontak skriba Sieg Schwarzer by 012 335 4181 vir meer inligting
  Gedenkbladbydraes aan ds Carel-Johann de Bruin by **cjdb@telkomsa.net**

- **Gemeente Goede Hoop (Piet Plessis): 100 jaar**
  Feesnaweek 29 November tot 1 Desember
  Basaar en hoeksteenoprigting (met optrede deur sanger Pieter Smith)
  asook Voorbereiding Saterdag
  en Nagmaal en Danksegging met doop Sondag
  Gedenkalbum deur prof Hennie van der Westhuizen
  Navrae en bestellings aan ds Arno Nieuwhof by 073 240 6030
  of **arnonieuwhof@gmail.com** of op sy Facebook-blad

Predikanteverjaardae

- **Die volgende predikante verjaar tot 9 Augustus, en word hartlik geluk gewens.**
  - Saterdag 3 Augustus: Ds David du Plessis (Wonderboompoort/ Wonderboom-Suid)
  - Sondag 4 Augustus: Di Jan Claassen (Strand) en Stephan van Tonder (Gobabis)
  - Maandag 5 Augustus: Prop Duwies Duvenage (beroepafwagtend)
  - Dinsdag 6 Augustus: Dr Stephan Hoffman (Bybelgenootskap), di Japie Jacobs (emeritus) en Renier Lee (siekte-emeritaat)
  - Woensdag 7 Augustus: Prof Lourens Steenkamp (emeritus), di Kobus Celliers (Brits), Rassie Smit (emeritus), Coenraad Strydom (Onverwacht) en Johans van Tonder (Balfour)
  - Donderdag 8 Augustus: Ds Jan Schutte (siekte-emeritaat)

Beplande vergaderings

- Saterdag 3 Augustus: Kommissie van die ADV
  OSR-jaarvergadering
- Maandag 5 Augustus: Raad vir SENTIK
- Dinsdag 6 Augustus: OSR: Operasionele Komitee

Bybelvasvra 2013

- **Die Komitee vir die Landwye Bybelvasvra** stel vanjaar weer 'n vraestel beskikbaar vir die Ringsvasvra. Ringsorganiseerders moet ds Stephen de Beer kontak, sodat vraestelle per e-pos versend kan word. Die **uitdunrondtes** met die oog op die landwye finaal moet afgehandel wees **voor 13 Augustus 2013**.

  Bestek: Jakobus (NAV)
  Hoërskool, Jong Hervormers, en Ope Afdeling
  - Artikels in *Konteks* (April, Mei en Junie 2013) oor die Jakobus-brief (ook beskikbaar by **www.konteks.co.za** → Inligting en skakels → *Konteks* Bybelvasvra 2013)
  - Heidelbergse Kategismus (Sondae 32-52 oor dankbaarheid) – in publikasie *So glo ons* en by **www.nhka.org** → So glo ons → Reformatiese belydenisskrifte → Heidelbergse Kategismus

  Laerskool
  - Slegs die 5 hoofstukke van Jakobus

  Landwye finaal

Datum:	Kamp 4-6 Oktober 2013
	Vasvra 5 Oktober om 09:30; registrasie vanaf 08:30
Plek:	Kwaggasrus buite Brits op die Thabazimbi-pad; aanwysings sal aan spanne gestuur word
Koste:	Kampgelde R200 per persoon vir die naweek (Vasvra-inskrywingsgelde ingesluit)
	Diegene wat nie kamp nie, betaal R50 dagbesoekersfooi
Betalings:	Raad van Finansies (Verwysing: *Gemeentenaam* + *Vasvra*)

  Stuur asseblief bewys van betaling na bybelvasvra@gmail.com

  Laat weet ds Marna Naudé by **bybelvasvra@gmail.com** hoeveel mense en spanne vanuit jul ring verwag kan word

  Sluitingsdatum 21 September 2013

  Navrae aan ds Marius Bacon 083 297 6135
  of ds Stephen de Beer 083 781 2955

Kursusse en toerusting

- **Gemeente Montana: Seminaar oor gesins- en familiebediening**
  Dinsdag 6 Augustus 08:00 tot 12:00
  Spreker: Jim Ladoux van Vibrant Faith Ministries, VSA
  Hoe kan gesinsbediening weer 'n prioriteit word in die geloofsvormingsproses?
  Jeugbediening kwyn weens ouerhuisbasisse wat nie meer vas staan nie
  Hoe kan gemeentes weer hierdie belangrike sleutel aktiveer?
  Koste: R150 per persoon (sluit ontbyt in)
  Kontak Esmé by 012 567 1753 of **nhkmontana@gmail.com**
  teen 2 Augustus om plek te bespreek

- **Hervormde Teologiese Kollege (HTK): Openbare lesing**
  Woensdag 7 Augustus om 19:00
  Dr Wim Dreyer: *Die resente Hervormde Kerkgeskiedenis*
  By UP se Teologiegebou, Kamer 1-19
  Alle lidmate en ampsdraers welkom

- **Gemeente Montana: 5-weke-toerusting oor verhoudings en kommunikasie**
  Dinsdaeaande om 19:00 van 13 Augustus tot 10 September
  GRATIS
  Aangebied deur prof Theuns Dreyer
  Hoe lyk my verhouding met my eggenoot/kinders/familie/werkskollegas/vriende?
  Hantering van konflik, vergifnis en versoening
  Kommunikasie vanuit verskillende persoonlikhede
  Kontak Esmé by 012 567 1753 of **nhkmontana@gmail.com**

Beskikbare behuising

- **Gemeente Philadelphia** het **akkommodasie** beskikbaar vir 'n **student**. Dit bestaan uit 'n privaatkamer met gemeenskaplike ablusie en kombuis. Dit is binne stapafstand van die Universiteit en daar is veilige parkering. Die koste is R2 860 per maand, wat skoonmaakdienste een maal per week insluit. Kontak Elize Fourie by 012 362 7237 tussen 08:30 en 12:30 op weeksdae, of dr Sanrie de Beer by 083 226 1866, of stuur 'n e-pos na **philadelphia@nhk.co.za**.

- **Louis Trichardt Monumenttehuis in Danville** bied enkel- en dubbelkamer-inwoning vir **bejaardes** wat nog selfversorgend kan funksioneer. Aangename huislike atmosfeer, 2 x etes ingesluit by losies, billike tariewe. Gereelde sosiale programme. Vir meer inligting, kontak mev Marie Hunter by 012 386 5310.

- **Piet Potgieter Monumenttehuis in Mokopane (Potgietersrus)**
  Die volgende akkommodasie is tans by die Dienshuise beskikbaar:
  2 groot luukse kamers: R4 500 elk
  Kleiner kamer met stort: R3 000
  Klein kamer sonder badgeriewe: R2 250
  Ontbyt en middagete ingesluit
  Geskik vir selfversorgende bejaardes, wat self hul kamer en wasgoed moet doen
  Rustige, plattelandse dorp ideaal vir aftrede
  Kontak bestuurder mev Mariana van Tonder by 015 491 6314

- **Andries-Marié Oosthuizen Monumenttehuis-woonstelle in Parys**
  Daar is tans die volgende behuising vir senior burgers beskikbaar:
  2 x enkelkamer met 3 etes, wasgoed en skoonmaak van kamer 1 x per week
  1 x lieflike enkelkamer met eie kombuis, stoep en tuin,
  met 3 etes, wasgoed en skoonmaak van kamer 1 x per week
  R5 800 per maand
  Kontak matrone Botha by 056 811 2185 vir meer besonderhede

Konserte en feeste

- **Vrydag 2 Augustus 18:30 vir 19:00: Gemeente Bronkhorstspruit**
  Adam Tas
  Die Oudewerf
  Volwassenes R100, skoliere R50, voorskools gratis
  Sop en sjerrie word bedien
  Kontak Alvina van Rensburg (083 448 9563) of die kantoor (013 932 2929)

- **Sondag 1 September om 18:30: Gemeente Pretoria-Oos**
  Orrelkonsert met prof Wim Viljoen
  In kerkgebou hv Dely- en Matroosbergweg
  Toegang GRATIS
  Die gemeente se orrel word 40 jaar oud!
  Verversings in die saal na die konsert
  Navrae aan Pieter van den Berg by 072 041 3954 / **pieter@allensa.co.za**

- **Saterdag 21 September om 09:00: Gemeente Hartebeeshoek**
  Nataniël
  La Louise Venue. Willem Cruywagenstraat 155
  Hesteapark, Akasia
  Koste: R170
  Koffie, tee en verversings na vertoning
  Kontak Lizette Goosen by 082 539 1456
  of Mariana de Villiers by 072 128 2692

- **Saterdag 5 Oktober om 14:30: Gemeente Turffontein in Johannesburg**
  Damestee: *Vrouedag* met Sonja Herholdt
  NG Kerksaal, Dalehamstraat, Mondeor, Johannesburg
  R100 per persoon
  Skakel mev Pikkie van der Westhuizen by 083 320 8262
  of Nellie Stipec by 083 449 6155 vir besprekings en besonderhede
  Verversings sal bedien word

Kampe en toere

- **Toer saam na Israel en Egipte: 28 November tot 7 Desember 2013**
  Beleef God in die voetspore van Jesus
  Toerleiers: Ds Fanie Beukes en dr Francois Carr
  Vir meer inligting, kontak ds Beukes by 073 167 1183
  of per e-pos by **faniebeukes@yahoo.com**

- ***Konteks*-leserstoer na Turkye: 1 tot 17 Mei 2014**
  15 dae op die voetspore van Paulus, Johannes en die eerste Christene
  Toerleier: Prof Ernest van Eck
  Plek vir slegs 30 – bespreek betyds!
  Kontak prof Van Eck by 012 420 3804 / 082 413 2332 /
  ernest.vaneck@up.ac.za
  of Louise Geyser (reisagent) by 012 361 0579 / 082 560 4279 /
  louise.geyser@absamail.co.za

Kompetisies en fondsinsamelings

- **Gemeente Witfield: Boog- en geweerjagkompetisie**
  Kaartjies: R100 donasie
  1ste prys: Koedoebul, sebra, blouwildebees, 2 rooibokke, 2 blesbokke
  plus 5 dae en 4 nagte verblyf
  2de prys: Blouwildebees, sebra, rooibok, blesbok
  plus 4 dae en 3 nagte verblyf

3de prys: Blouwildebees, rooibok, blesbok
plus 3 dae en 2 nagte verblyf
Geborg deur Nyalarus-wildplaas tussen Groblersdal en Marble Hall
Plaas se professionele jagter kan gebruik word
Kontak Adri Nel by 084 200 1027
of Chaan Bezuidenhout by 082 853 5895
Sluitingsdatum 31 Augustus, trekking 1 September 2013

- **Gemeente Witfield: Fondsinsameling**
  2 pragtige 100% skaalmodel ossewaens (1/10de skaal) te koop
  - Bokwa (imbuiahout) – lang tent met skaalmodel dubbelbed en wakis @ R2 000
  - Bokwa (Kiaathout) – kort tent met skaalmodel dubbelbed @ R1 750

  Elke wa beskik ook oor 'n domkrag en 'n replika van 'n driepootpot wat onder die wa hang. Die gereedskapkissies bevat elk 'n ysterstafie wat die domkrag werk. Elke wa is toegerus met remme wat werk met 'n slingertjie.
  Kontak ds Theo Janse van Nieuwenhuizen van by 083 232 5101 / 011 826 4017 of skakel die gemeentelike kantoor op Dinsdae-, Woensdae- of Vrydaeoggende tussen 09:30 en 14:30 by 011 826 4625.

- **Gemeentes Hartbeesfontein en Gerdau: Fondsinsameling 1000 Wen-'n-boerdery en Noag-se-ark-skildery**
  Geleentheid om R50 000 in te samel
  Pakket van 50 kompetisieboekies met 11 kaartjies in elke boekie
  Betaal R5 000 vir pakket van R55 000
  50 pryse te wen, in totaal meer as R100 000 werd
  Wen plaasdiere, bokke, varke, duiwe en vele meer!
  Trekking in Oktober 2013
  Kontak Barry of Marthie Pretorius van Hartbeesfontein
  by 018 431 0331, faks 086 550 1874 of **barrypret@lantic.net**
  Verdere navrae aan ds Petrus Harmzen by 082 777 4253

Basaars en markte

- **Saterdag 3 Augustus 08:30 tot laat: Gemeente Hendrina Oesfees**
  Kerkterrein hv Van Niekerk- en Beukesstraat
  Kom geniet 'n heerlike dag saam met Billy Forrest, Jody Wayne en ander
  Sosaties, worsbroodjies, vleis, pap-en-kaiings, Boeretroos...
  Kontak ds Lorret De Leeuw by 072 195 9414
  of Corrie Wolmarans by 083 343 9643

- **Saterdag 3 Augustus: Gemeente Zwartruggens**
  Bosveldvleisfees
  Vleis, wors en biltong teen die beste pryse
  Kindertuin met springkasteel en vermaak vir klein tot groot
  Kleiduifskiet, perdry en *go-karts*
  Groente, vrugte en plante om van te kies en te keur
  Veiling: Wildjagpakkette, bekende skilder se skilderye, en meer
  Gaskunstenaar: Juanita du Plessis die aand
  Big screen vir rugby, biertuin met Bonny en Clyde
  Jaco Swanepoel seremoniemeester
  Mnr & Mej Bosveld Vleisfees – kompetisie vir klein en groot
  Uitstalling van nuutste Ford Ranger, en wen nuwe Ford Everest!
  OTM op perseel vir kontant en kaartbetalings
  Navrae aan ds Gerhard Kruger (082 850 8692)
  Kaartjies by Erica Kruger (082 924 6099)

- **Saterdag 31 Augustus: Gemeente Vaalpark**
  Basaar
  Wildsvleis, kosstalletjies, koektafel, uitstallers...
  Uitstallers welkom (R100 per stalletjie)
  Hope pret vir die kinders: treintjie, springkasteel en vele meer
  Kom geniet ’n heerlike dag saam met ons!
  Kontak Esmé gedurende kantoorure by 016 971 1999
  of Dorea by 083 225 7391

- **Saterdag 31 Augustus: Gemeente Ventersdorp**
  Boerebasaar
  Baie vleis te koop!
  Kom geniet die pannekoeke, vetkoek, kerrie-en-rys, heerlike tuisgebak...
  Speletjies en ander vermaak vir die jongspan
  Kontak Nico Kock by 083 204 6715
  of ds Marius van Vuren by 072 850 4960

- **Saterdag 31 Augustus: Gemeente Mafeking**
  Basaar: *Pirates@Mahikeng*
  Fokus op die kind
  Ollie die Nar met hope vermaak vir die kinders
  Reusespringkasteel en *spookhuis*
  Skattejag vir die jongspan
  Die kinders kan kolwyntjies (*cupcakes*) versier en ‘n groot prys wen
  Kwalifiseer met donasie van slegs R50 (of veelvoude daarvan)
  vir kontantpryse ter waarde van R10 000, R4 000 of R1 500
  Kontak Kallie Landsberg (079 893 9031) of dr Annelie Botha (082 650 3494)

- **Vrydag 6 en Saterdag 7 September: Gemeente Sannieshof**
  Mielie Makietie
  Op die terrein van die Hervormde Kerk
  Gaskunstenaar Adam Tas
  8 m hoë en 100 m lange foefieslaaid
  Wen R50 000 kontant of 25 ton mielies in Wen-’n-oes-kompetisie
  2de prys: Diamant ter waarde van R20 000 of 5 ton sonneblom
  Luister na Graan Suid-Afrika se voorsitter, Jannie de Villiers
  Diamant-stormloop vir ’n diamant en talle halfedelgesteentes
  Karaoke, visvang, skyfskiet en *Fear Factor*
  Skiet met ons selfgeboude aartappelkanon en wen kontant
  Strip-jou-moer-kompetisie
  (Sondag 8 September ds CJ van Wyk van Randburg
  en sy Geloof-in-aksie Motorfietsklub)
  Kontak ds Paul Kern by 082 494 5347 of Elsa by **elsaj@lantic.net**

- **Saterdag 26 Oktober: Gemeente Kempton Park-Oos**
  KPO Lekker Kuier Kontreifees
  Uitstallers en kosstalletjies
  Gaskunstenaar Die Flooze (Sorina)
  Toegang R20 per persoon
  Kom geniet 'n heerlike dag
  Kontak Anneline by 082 924 7344 of Marius by 072 778 1033

ANDER NUUS

- **Vakature: Assistentverpleegster**
  By Andries-Marié Oosthuizen Monumenttehuis in Parys, Vrystaat
  Tehuis vir verswakte en selfversorgende bejaardes
  Pligte: Algemene versorging van inwoners, bedwas
  en kliniekdienste soos die neem van bloeddruk
  Vereistes: Goeie interpersoonlike en kommunikasievaardighede
  Vorige ervaring in veld van verpleging van bejaardes sal sterk aanbeveling wees
  Moet geregistreer wees by die Verpleegstersraad
  Normale diensvoorwaardes
  Stuur CV aan mev A Botha, faks 056 817 7525 of e-pos **hf@otmt.org**

- **Bybelgenootskap van Suid-Afrika**
  Vrydag 2 Augustus om 19:00: Musiekkonsert vir Bybels
  NG Kerk Universiteitsoord
  Kontak die Gautengstreek van die Bybelgenootskap by 011 970 4010

- **Opleiding in brugbediening: Sentrum vir Kontekstuele Bediening**
  Eerste week: 5-8 Augustus
  Onder leiding van prof Malan Nel
  Teologiegebou, UP
  Tweede week: 7-10 Oktober
  Aanbieders Johan van Loggerenberg, Christo van der Merwe, Willem Boshoff,
  Errol Dengler, Colin Goeiman en Howard du Toit
  Noordoos-Pretoria se kerksentrum in Kilnerpark
  Koste: R1 330 (sommige sinodes dra by om die koste te dek)
  Kontak Suki by Sentrum vir Kontekstuele Bediening vir meer besonderhede
  012 420 4952 / **suki.vanjaarsveld@up.ac.za**

- **Interkerklike trauma-ondersteuningskamp**
  Vir naasbestaandes van slagoffers
  9-11 Augustus by Magaliesberg-kampterrein
  Hooffasiliteerder: Ds Pieter Oberholzer, Weermagkapelaan
  en predikant van NG Kerk Groenkloof
  Koste: R550 per persoon (akkommodasie, etes en konferensiefasiliteite)
  Bespreek by Elize by 072 600 5809 of
  deoudepastorie.victoriawest@gmail.com
  Navrae oor inhoud van program aan Pieter by 082 332 5782 of
  pieterjanob@gmail.com

- **Beeld-Kinderfonds**
  - **Wen 'n Peugeot**
    SMS PEUGEOT na 32541 of SMS KINDERS na 32541, R25 per SMS
  - **Super 10 Spinning Marathon**
    Saterdag 7 September 07:00 tot 17:00, Centurion Mall
  - **Kerskonsert**
    Woensdag 27 November in Pretoria, R110 en R155

  Navrae aan Adrie van Staden by 011 976 2273 / 073 749 2697
  Besoek **www.beeldkinderfonds.co.za**

Vat hande met
Christelike Lektuurfonds en gee
aan een miljoen kinders elk hul
eie Bybel in hul moedertaal

Maak 'n verskil in 'n kind se lewe. Koop een Bybel teen R69,95 of koop en borg 'n Bybel vir R100. Vir meer inligting besoek www.clf.co.za of stuur 'n e-pos aan info@clf.co.za of skakel 021 873 6964.

CLF - Die Boodskap van die Bybel aan almal

- **Maandag 14 Oktober 09:00 tot 16:00**
  Predikanteseminaar
  Tema: *Tussen-Testamentêre Tydperk / Tweede Tempelperiode – stil of nie?*
  Noordwes-Universiteit, Potchefstroom-kampus
  Kamer 204, Fakulteit Teologie
  Aanbieders dr Jacobus de Bruyn en mnr Eugene Coetzer
  Alle kerkverbande se leraars word uitgenooi
  Dien as verdere opleiding vir predikante
  R320 per persoon, sluit middagete en verversings in
  Inskrywings teen **Vrydag 20 September** op die laatste
  Navrae aan dr Jacobus de Bruyn by 072 606 1661 /
  jacobus.debruyn@gmx.com

Advertensies in die *e-Hervormer*

Advertensies waarvan 'n private individu of instansie die begunstigde is, of waarin 'n gemeente 'n projek prominent wil bekendstel, kan in die *e-Hervormer* geplaas word. Indien 'n jpg-weergawe van die advertensie voorsien word, moet dit **verkieslik nie groter as 'n standaard besigheidskaartjie** wees nie. Stuur die voorgestelde **teks van nie meer nie as 110 woorde** met of sonder eenvoudige grafika of 'n foto saam met die bewys van betaling aan mev Tessa Oppermann, per faks na 086 633 4059, of per e-pos na **produksie@nhk.co.za**. GEEN advertensie sal geplaas word sonder die betalingsbewys nie.

Die **teks en bewys van betaling** moet mev Oppermann bereik teen 16:00 op die Dinsdag voor die betrokke uitgawe se verskyning. Die *e-Hervormer* word normaalweg Woensdae saamgestel en verskyn dan die Donderdag. Indien die plasing meer as een keer moet geskied, moet aangedui word op watter datums dit moet verskyn, met betaling vooruit vir al die beoogde plasings. **Die koste is R150 per plasing (BTW ingesluit)**.

Die verskuldigde bedrag moet uitgemaak word aan die Raad van Finansies, ABSA tjekrekening nommer 020-000-287, takkode 632-005, v**erwysing: u naam + e-Hervormer Ads.**

KOMMENTAAR

Lesers kan kort kommentaar **(uiters 100 woorde)** stuur aan **produksie@nhk.co.za**. Langer bydraes sal nie geplaas word nie, en moet eerder na die gespreksforum van die Kerk se webblad gestuur word; gaan dan na **www.nhka.org** → Praat saam en kies die opsie wat u pas. Anonieme bydraes word ook nie gebruik nie. Die finale besluit oor plasing in die *e-Hervormer* berus by die redakteur.

“Ek is baie gelukkig met wat (in die Kerk) gepubliseer word. Ek meet terugvoer van mense na ’n besoek aan ons industrie. My ondervinding is dat ’n 25% plus terugvoer ’n goeie aanduiding is of ons dinge reg doen of nie. My bekommernis is hoeveel van die publikasies wel in gemeentes ontvang én gelees word. My ervaring is dat baie min lidmate die publikasies ontvang en/of lees. Dit is goed dat SENTIK die opname in gemeenteverband wil doen. Is daar nog kolporteurs in gemeentes? Hoe word die publikasies bemark? As jy oningelig is, sal jy dom besluite neem! ” *(Bydrae verkort)*

Danie le Roux, Vaalpark

“Dankie aan die redaksie en elke persoon/gemeente wat bydra tot die *e-Hervormer*. Vir my in persoon is volgende Woensdag/Donderdag te ver vir die volgende uitgawe. Dis vars, geloofsversterkend, eietyds relevant, deursigtig en van hoogstaande professionaliteit. Ek is trots Hervormer en deel veral die voorbladartikel met wie ook al ’n e-posadres het in my adresboek en wat kan baatvind!” *(Vanaf Facebook)*

Gerhard Swanepoel



AGTERBLAD

Mediasondag
25 Augustus 2013

Al die gemeentes van ons Kerk word met die ondersteuning van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering versoek om op Sondag 25 Augustus aandag te gee aan ons kerklike kommunikasie en publikasies. Die geleentheid val vanjaar saam met die herdenking van Bartolomeusnag, en kan gebruik word om na te dink oor die maniere waarop ons ons geloof in die gemeenskap betuig.

SENTIK wil gemeentes versoek om by hierdie geleentheid besondere moeite te doen om die kerklike tydskrifte aan die gemeentelede bekend te stel, en dan veral die gereelde gedrukte publikasies: *Die Hervormer*, *Konteks*, die *Almanak* en *Bybelse Dagboek*. Daarom het ons vandeesmaand (Augustus) drie (3) addisionele tydskrifte gratis vir elke gemeente gestuur.

Die Oktober-uitgawe van *Konteks* sal ’n termynoorsig van die Kerk se werk oor die afgelope drie jaar bevat. Die gedagte is om voortaan jaarliks in Oktober so ’n jaaroorsig te publiseer wat lidmate ’n goeie idee van die Kerk se dienswerk kan gee. Ons hoop dat hierdie uitgawe, wat reeds by die komende Algemene Kerkvergadering beskikbaar gestel sal word, ook die gesprekke by dié belangrike vergadering sal stimuleer.

Ons rig twee spesiale versoeke aan gemeentes:

- Bestel asseblief ’n aantal ekstra kopieë van Oktober se termynoorsig (op koste van die kerkraad). Kontak mev Susann van Zyl by **sentik@nhk.co.za** of 012 322 8885 x291 in verband daarmee.
- Doen asseblief moeite om die gemeentelede aan te moedig om op die tydskrifte in te teken, en stuur die gemeente se intekensyfers voor die einde van Oktober aan mev Van Zyl. Ons het die syfers teen daardie tyd nodig om ooreenkomste met drukkers aan te gaan vir die druk en verspreiding van volgende jaar se tydskrifte.

Ons vertrou dat al meer lidmate, kategete en kerkraadslede weer onder die indruk sal kom van die inligting en materiaal wat deur ons tydskrifte beskikbaar gestel word. Ons ontvang graag konstruktiewe kommentaar waarmee ons ons publikasies tot diens van die Kerk kan verbeter.

Redakteur: Dr André Ungerer
Subredakteur: Ds Etienne Fourie
Kerknuus: Dr Wouter van Wyk
Teksversorger: Mev Tessa Oppermann
Uitlegkunstenaar: Mej Izelle Marx
Advertensie-ontwerper: Mev Francis Nel